IMPAK ONDERWYSDIENS BK
Reg. nr.: CK2005/041089/23
Straatadres: Rivierweg 139, Lyttelton, 0157
Posadres: Posbus 15132, Lyttelton, 0140, SA.
Tel: 012 664 8552
Fakse: 086 505 3050; 086 505 3073
086 505 3077; 086 529 1155
E-pos: info@impakonderwys.co.za
Webblad: www.impakonderwys.co.za

NUUSBRIEF 4 **SEPTEMBER 2011**

Hierdie nuusbrief handel oor belangrike aspekte. Maak asseblief die inligting u eie!

INHOUDSOPGAWE

1. GEEN PRYSAANPASSING VIR 2012 NIE
2. DIE LAASTE STROOI
3. VAKFORUMS KRY SKOP!
4. OOP KOMMUNIKASIE LYNE
5. REËLINGS UIT DIE FINANSIËLE KANTOOR
6. HARTLIKE UITNODIGING NA NOORD-KAAP EN WES-KAAP KONGRESSE
7. BOSVELD AKADEMIE OPEDAG 15 OKT: UITNODIGING

1. GEEN PRYSAANPASSING VIR 2012 NIE!

Inskrywings vir 2012 open op 1 Oktober 2011. Daar is **geen prysverhoging** vir 2012 nie!
Hierdie nuusbrief word vergesel van die 2012 inskrywingsvorm.

Indien u die inskrywingsvorm volledig en korrek voltooi en met u deposito (kliënte wat afbetaal) voor of op 31 Oktober 2011 aan Impak besorg,ontvang u 3% korting. Indien u kontant betaal en voor 31 Oktober inskryf, ontvang u 7% korting.

Diegene wat voor of op 31 Oktober inskryf se boeke sal voor of op 17 Desember gepos wees. Indien Impak hierdie onderneming nie nakom nie, ontvang u ’n verdere 4% korting op u pakket.

2. DIE LAASTE STROOI

Ek het besluit dat die Junie-rapporte per e-pos uitgestuur word. Dit is ‘n vinnige en veilige manier om te verseker dat almal se uitslae hulle voor 29 Julie bereik. Wat ‘n denkfout! ‘n Paar dae na die e-pos-knoppie op 29 Julie gedruk is, begin ouers ontsteld navraag doen oor waar hulle kinders se rapporte is. Maar die rapporte is dan gestuur? Waarom die bohaai? Toe sou ons agterkom dat die rapporte gaan vassteek het by die Internet diensverskaffer. Die diensverskaffer se stelsel kan nie meer as 400 e-posse per keer prosesseer nie. Die diensverskaffer het laat weet dat ons ‘n program sal moet skryf wat met hulle stelsel ”praat” sodat die meer as 5000 rapporte in massa ge-e-pos kan word.

Nodeloos om te noem dat teen die tyd dat ons bewus geword het van die probleem en dit kon regstel, het kritiese tyd verlore geraak.
Asof die vassteek van die massa e-pos nie genoeg van ‘n debakel afgegee het nie, het my besluit om nie rapporte na die sentrums te stuur nie, maar direk per e-pos aan ouers die verstopping verseël.

My goedbedoelde besluit en ons stelsels se onvermoë om die besluit deur te voer, het die vertraging van u kinders se uitslae teweeg gebring. Ek is persoonlik te blameer en vra omverskoning.

Dit was die laaste strooi. Ons gooi handdoek in om ons eie administratiewe-en assesseringstelsels te skryf. Ons gaan nou 'n stap neem wat ons vir jare probeer vermy het en dit is om 'n duur doelgerigte elektroniese administratiewe stelsel aan te koop. Ons het besluit om onmiddellik te belê in E-vision, 'n administratiewe en assesseringstelsel wat wyd in die onderwysomgewing, veral by universiteite, in gebruik is.

E-vision gaan ons inskrywing van nuwe kliënte vir 2012 vergemaklik en gaan voortaan die versending van ons boeke en rapporte hanteer. E-vision sal Impak in staat stel om sy belofte na te kom dat u binne 14 werksdae na inskrywing u pakket ontvang.

E-vision sal Impak in staat stel om aan u dié diens te lewer wat ons belowe en waarop u geregtig is.

3. VAKFORUMS KRY SKOP!

Ons poging om vakforums te bedryf het grootliks misluk as gevolg van ons afhanklikheid van kontrakteurs om die vakforums wat hulle geskep het, in stand te hou en te bestuur. So kan dit nie aanploeter nie!

Vakforums is só 'n belangrike deel van ons vakondersteuningsdiens, dat ons nie die gesukkel verder kan en gaan verduur nie! Die vakforums gaan D.V. vanaf November op die "Moodle"-sisteem, deel van E-vision-stelsel, geplaas word en gaan deur 'n personeellid wat in Impak se voltydse diens is, bedryf en bestuur word. Met hierdie stap wil Impak die vakforums as daaglikse kommunikasiekanaal tussen u, u kind en die spesifieke vakadviseur toeganklik en gebruiksvriendelik maak.

Ons kontak u eersdaags om u op "Moodle" op te stel.

4. OOP KOMMUNIKASIELYNE

Mev. Marelize Keyter bedryf Impak se Internet poslys. Dit is 'n maklike en dinamiese kommunikasieforum waar al die Impakouers maklik met mekaar kan gesels en inligting uitruil oor alles en nog wat.

Word deel van hierdie gratis gesprekgroep deur vir Marelize te kontak by: turfpan@gmail.com of by impaktuisonderrig-owner@yahoogroups.com. Ouers, as u nie weet hoe om te werk te gaan nie, vra gerus u kind.

5. REËLINGS UIT DIE FINANSIËLE KANTOOR

Impak se Minister van Finansies bring die volgende sake onder die vergrootglas:

- Alle uitstaande rekeninge moet teen 30 November 2011 op datum betaal wees. Kliënte met agterstallige rekeninge gaan teen 5 Desember 2011 aan die invorderingsprokureur oorhandig word.
- Geen rapporte sal uitgereik word indien rekenings agterstallig is nie.
- U rekeningnommer (U ZA-nommer wat uit 4 letters en 5 syfers bestaan) moet as verwysing by alle inbetalings wat u op Impak se rekening doen, gebruik word.
- Indien u nie seker is wat u rekeningnommer is nie, kontak dadelik die Finansiële Afdeling.

6. HARTLIKE UITNODIGING NA NOORD-KAAP EN WES-KAAP KONGRESSE

Impakkers word hartlik uitgenooi om enige van die volgende twee kongresse en avontuurkampe mee te maak.

Die kongresse wyk af van vorige jare se programme. ‘n Kraakvars program met ‘n aktuele en praktiese hoe-maak-mens-inslag word aangebied.

Die kongresse gaan die vorm van ‘n intensiewe en interaktiewe slypskool vir ouers en sentrumpersoneel aanneem.

Ons gaan groot moeite doen om 12 professionele aanbieders en vakadviseurs spesiaal vanaf Gauteng in te vlieg om die slypskool aan te bied.

Doen asb. moeite om hierdie unieke opleidingsgeleentheid by te woon.

Die hart van die program sien so daaruit:

Vrydag:

- Opening en verwelkoming
- Kenmekaar
- Ons verwagting van die kongres en die behoeftes wat aangespreek moet word.
- Eerste Slypskool-sessie

Saterdag:
Ons beoog om die kongresgangers in die volgende werkgroepe te verdeel: Gr. 0 tot 5; Gr. 6 tot 9 en dan Gr. 10 tot 12.

Die onderstaande aspekte gaan in die groepe aandag geniet:

- Hoe moet ons assesseer?
- Watter assesseringinstrumente kan ingespan word?
- Hoe leer ek my kind opstelle en briewe skryf?
- Hoe sien mens opstelle en briewe na?
- Hoe hanteer ek meer as een graad se leerlinge in een klas? Hoe hanteer ek twee, drie of vier kinders gelyktydig in Tuisonderwys?
- Hoe kry ek my kind om self te werk?
- Hoe moet ons deur al die werk kom?
- Wat van ‘n leesprogram?
- Hoe om die handleiding, fasiliteerdergids en DVD’s korrek te gebruik.
- Formeel gestruktureerde onderrig teenoor informele, eie tyd, eie tempo-tipe-onderrig.
- Kommunikasie.
- Toetsings: Waarom behoort leerlinge getoets te word? Watter toetse is beskikbaar? Wat kos dit?
- Die twee weë: Akademiese onderrig en Ambagsopleiding.

Benewens hierdie lekker intensiewe werkprogram wat ouers Vrydag en Saterdag druk besig gaan hou, word ‘n uitdagende avontuurkamp vir die kinders aangebied.

DIE NOORD-KAAP KONGRES
Die Noord-Kaap Kongres vind hierdie jaar in Upington plaas. Namibiërs en Noord-Kapenaars is hartlik welkom!

Datum: 21 en 22 Oktober 2011.
Tyd: 21 Oktober aankoms en registrasie begin om 16:30 vir 17:30.
22 Oktober: Die dagprogram begin stiptelik 8:00 en duur tot 17:00.
Plek: Hoërskool Upington se Toerisme Sentrum.
Etes en verversings sal ten bate van die hulpsentrums in die Noord Kaap te koop aangebied word.

DIE WES- EN SUID-KAAP KONGRES
Die kongres vir die Suid- en Wes-Kapenaars word te Koringberg aangebied.

Datum: 4 en 5 November 2011
Tyd: 4 November aankoms en registrasie begin om 16:30 vir 17:30.
5 November: Die dagprogram begin stiptelik 8:00 en duur tot 18:00
Plek: "Die Ark" op die plaas Hooggeleë van die Mostert's te Koringberg.
Etes en verversings sal ten bate van "Die Ark" te koop aangebied word.
Slaapplek: Daar is oorslaapgeriewe beskikbaar.

Ja, ons kom beslis!

Skakel asseblief vir Wynand Terblanche of vir Neels Beyers of vir Marietjie Smit en tref die nodige reëlings vir u bywoning.

Wynand se tel: 082 744 3200 of e-pos: mercy2@vodamail.co.za

Neels en Marietjie kan bereik word by: 012 664 8552 of 084 506 5233/ 082 862 6468 of by e-pos: sosialisering@impakonderwys.co.za

7. IMPAK ONDERWYSDIENS BOSVELDAKADEMIE

OPEDAG

Saterdag: **15 OKTOBER 2011**

Waar: By die skool op die plaas te
Naboomspruit: 24˚30´49.22˝ S en 28˚33´40.01˝ O.

Die opedag begin stiptelik: 10:00
Maak seker dat u reeds teen 9:30 aankom
Kom luister en kyk hoe lyk Impak se eie uithaler Bosveldskool!

Kom skryf u graad 8, 9 of-10 kind in by:

- Die Afrikaanse skool met Bybelse waardes en norme
- Die skool waar elke kind iemand besonders is
- Die skool waar kinders kleinklas-onderrig ontvang
- Die skool vir akademiese uitnemendheid
- Die skool vir ambagsopleiding
- Die skool vir landbouopleiding
- Die skool met 'n koshuis
- Die skool met sy eie perde

- Die skool vir ‘n buitelewe, sport en kultuur-belewenis soos min!

Impak Bosveldakademie open D.V. 18 Januarie 2012 sy deure vir Graad 8, 9 en 10.

Ons berei ’n piekniekmandjie vir elke besoeker. Laat weet dat u kom!

Skakel vir Marietjie Smit by: 012 664 8552/ 082 862 6468 of vir Neels by 084 506 5233
Stuur ‘n e-pos na: bosveld@impakonderwys.co.za

✂----------

Skeurstrokie vir Opedag 15 Oktober

Meer inligting asb.: Faks: 086 242 7225 of e-pos: bosveld@impakonderwys.co.za

Naam en van: _____

Ja, ons stel beslis belang om aansoek te doen om ons kind/ers (Gr 8, 9, 10) volgende jaar (2012) in Impak se privaatskool te plaas. Stuur asseblief verdere inligting aan ons.

Ouers se voorletters en van: _____

_____

Impak kliëntenommer: _____

Kind se volle name en van: _____

Kind se graad in 2012: _____

Adres waarheen inligting gepos, gefaks of ge-e-pos moet word. _____

_____

_____

Handtekening Ouer/Voog: _____

IMPAK ONDERWYSDIENS BK
Reg. nr.: CK2005/041089/23
Straatadres: Rivierweg 139, Lyttelton, 0157
Posadres: Posbus 15132, Lyttelton, 0140, SA.
Tel: 012 664 8552
Fakse: 086 505 3050; 086 505 3073
086 505 3077; 086 529 1155
E-pos: info@impakonderwys.co.za
Webblad: www.impakonderwys.co.za

Uitnodiging na Leierskamp 14-16 Oktober 2011

Elke Impak leerling is van harte welkom!

TEMA: "Leierskap is God se roeping"

*Let asseblief daarop dat hierdie kamp **slegs in Afrikaans** aangebied word.*

'n Leier, is iemand wat dissipline in sy/haar lewe het: dissipline in jou geestelike lewe, jou emosionele lewe en ook met jou akademie. Hierdie eienskappe moet ontwikkel word in elke jongmens se lewe.

Hier is jou geleentheid om eienskappe in jou eie lewe te ontwikkel. Die kamp gaan 'n karaktertoets wees waar jy tot die uiterste gedruk gaan word om sodoende die beste uit jou te kry.

Ons gaan in die veld slaap, sonder die gewone geriewe. Dit wat jy daar wil hê moet jy self saambring of daar bou. Elke span moet hulle kos verdien, dit self maak en raai wat... self eet! Die kamp gaan die adrenalien lekker opjaag. Net avonturiers en vasbyters moet kom!

WAAR:	Impak kampterrein te Naboomspruit
WANNEER:	14 – 16 Oktober 2011
KOSTE:	R240, 00 per leerling
VERVOER VANAF IMPAKKANTORE:	R100, 00 per leerling
WAT IS INGESLUIT:	Twee nagte, drie dae, alle etes en program

Skryf in voordat dit te laat is.

Neels Beyers

✂.....

.....

Skeurstrokie: Ja, ons kom kamp!

Faks na: 0866880427 E-pos: kampe@impakonderwys.co.za (voor/op 7 Oktober)

Naam van Ouer: _____Tel: _____

Faks: _____Selfoon: _____ E-pos: _____

Naam van Leerling: _____Ouderdom: _____ Graad: _____

Metode van Betaling: Inskrywing R240.00

Addisioneel: Impakvervoer: R100.00

Totaal: _____

Verwysing: Leerling se naam en Impak nommer.